#MYSKOOL
AANLYN HULP
*vir matrieks*

# Afrikaans

## Visuele respons – Vraestel 1

#MYSKOOL
AANLYN HULP vir matrieks
NETWERK 24

## Hersieningsoefeninge

**Tel jy kalorieë maar jy brand om te braai?**

Die goeie nuus is dat jy maar kan braai sonder om skuldig te voel oor al die kalorieë. Voeg net sampioene by. Hulle is vleisagtig, ryk aan umami* en hulle sorg vir 'n heerlike, gesellige braaifees.

Dit is ook 'n puik bron van proteïene en vesel – dit laat jou langer versadig voel EN is laag genoeg in kalorieë om die kurwes in toom te hou! Een koppie rou sampioene bevat slegs 20 kalorieë, bevat geen vet en cholesterol nie en het 'n lae soutinhoud.

**Sampioene is die perfekte braaimaats, want <u>hulle hou die vleis- en groente-eters in die gesin gelukkig</u>.**

Volg ons op:

Fresh @freshmushroomssa MushroomsSA

**www.mushroominfo.co.za**

*umami is 'n Japannese woord wat na 'n vyfde smaaksensasie verwys.

[Bron: *Weg*, 1 September 2019]

| 1.1 | Verdeel die woord kalorieë (reël 1) in lettergrepe. (1) |
|---|---|
| | Ka-lo-rie-ë // klankgrepe – ka-lo-ri-e |
| 1.2 | In reël 2 word die woord "brand" konnotatief gebruik.<br>Gebruik die woord denotatief in 'n verduidelikende sin. (1) |
| | Die vuur brand |
| 1.3 | Waarom is die gebruik van die voornaamwoord "jy" in reël 1 en 2 funksioneel? (1) |
| | Die leser word direk aangepreek. Maak dit meer persoonlik. |
| 1.4 | Wat beteken die agtervoegsel –agtig in die woord vleisagtig reël 7? (1) |
| | soos |
| 1.5 | Is die woord umami (reël 8) 'n leenwoord of 'n nuutskepping? |
| | leenwoord |

#MYSKOOL
AANLYN HULP
vir matrieks
NETWERK 24

Hersieningsoefeninge

**Tel jy kalorieë maar jy brand om te braai?**

Die goeie nuus is dat jy maar kan braai sonder om skuldig te voel oor al die kalorieë. Voeg net sampioene by. Hulle is vleisagtig, ryk aan umami* en hulle sorg vir 'n heerlike, gesellige braaifees.

Dit is ook 'n puik bron van proteïene en vesel – dit laat jou langer versadig voel EN is laag genoeg in kalorieë om die kurwes in toom te hou! Een koppie rou sampioene bevat slegs 20 kalorieë, bevat geen vet en cholesterol nie en het 'n lae soutinhoud.

**Sampioene is die perfekte braaimaats, want <u>hulle hou die vleis- en groente-eters in die gesin gelukkig</u>.**

Volg ons op:

Fresh @freshmushroomssa

MushroomsSA

**www.mushroominfo.co.za**

*umami is 'n Japannese woord wat na 'n vyfde smaaksensasie verwys.

[Bron: *Weg*, 1 September 2019]

| | |
|---|---|
| **1.6** | **Skryf die manipulerende woorde wat in reël 10-12 voorkom neer (1)** |
| | **"puik" "versadig"** |
| 1.7 | Die uitdrukking "is laag genoeg in kalorieë" (reël 11 en 12) is anglisisties. Vervang hierdie anglisisme met 'n gepaste Afrikaanse stelwyse wat in die konteks van die advertensie sal pas. (1) |
| | **Bv. bevat min genoeg kalorieë** |
| 1.8 | Skryf 'n voorbeeld van 'n maatnaam uit reël 13 tot 14 neer. (1) |
| | **koppie** |
| 1.9 | Herskryf die onderstreepte sinsdeel in reël 17 tot 18 in die lydende vorm. (1) |
| | **Die vleis- en groente-eters in die gesin word deur hulle gelukkig gehou. Onderwerp – hulle; gesegde – hou gelukkig; voorwerp - die vleis- en groente-eters. Sin is ook in teenwoordige tyd geskryf.** |

Hersieningsoefeninge

# Tel jy kalorieë maar jy brand om te braai?

Die goeie nuus is dat jy maar kan braai sonder om skuldig te voel oor al die kalorieë. Voeg net sampioene by. Hulle is vleisagtig, ryk aan umami* en hulle sorg vir 'n heerlike, gesellige braaifees.

Dit is ook 'n puik bron van proteïene en vesel – dit laat jou langer versadig voel EN is laag genoeg in kalorieë om die kurwes in toom te hou! Een koppie rou sampioene bevat slegs 20 kalorieë, bevat geen vet en cholesterol nie en het 'n lae soutinhoud.

**Sampioene is die perfekte braaimaats, want hulle hou die vleis- en groente-eters in die gesin gelukkig.**

Volg ons op:

Fresh @freshmushroomssa

MushroomsSA

www.mushroominfo.co.za

*umami is 'n Japannese woord wat na 'n vyfde smaaksensasie verwys.

[Bron: *Weg*, 1 September 2019]

| 1.10.1 | **Wie is die teikenmark in hierdie advertensie? (1)** |
|---|---|
| | **Mense wat sukkel om hul gewig te beheer.** |
| 1.10.2 | Skryf die sinsdeel in die advertensie waardeur die teikenleser aangedui word, neer. (1) |
| | **"om die kurwes in toom te hou"** |
| 1.10.3 | Op watter manier word hierdie frase (die antwoord by 1.10.2) in die teks beklemtoon? (1) |
| | **Deur die uitroepteken.** |
| 1.10.4 | Watter emosionele voordeel hou sampioene volgens die advertensie vir die teikenleser in? (1) |
| | **Jy sal nie skuldig voel nie.** |
| 1.11 | Skryf twee emotiewe woorde neer wat gebruik word om die voordele van sampioene aan te dui. (2) |
| | **"gesellige" (braaifees); "perfekte" (braaimaats)** |

#MYSKOOL AANLYN HULP vir matrieks


#MYSKOOL
AANLYN HULP
vir matrieks

Lees en kyk die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg





| | |
|---|---|
| 2.1 | **Herskryf die sin in raam 1 in die indirekte rede. Begin so: Zits sê… (1)** |
| | **Zits sê dat hy nie die vorige aand kon slaap nie. OF Zits sê hy kon nie die vorige aand slaap nie.** |
| 2.2 | Word die "80 boodskappe" in Raam 2 konnotatief of denotatief gebruik? (1) |
| | **konnotatief** |
| 2.3 | Watter aaname kan uit die tweede sin in Raam 2 gemaak word? (1) |
| | **Twee glase warm melk sal sorg dat hy beter slaap.** |
| 2.4 | Watter gevoel kan uit Zits se handgebaar in Raam 3 afgelei word? (1) |
| | **Hy is moedeloos/ moedeloosheid.** |
| | |

#MYSKOOL
AANLYN HULP
vir matrieks
NETWERK 24




| | |
|---|---|
| **2.9** | **Kyk weer na raam 5 en voltooi dan die idioom wat beteken "om te eet".<br>die … versterk .<br>(1)** |
| | **innerlike** |

| | |
|---|---|
| **2.5** | **Skryf een woord neer wat binne die konteks van oorlogvoering in die plek van "goed voorbereid" in Raam 4 gebruik kan word. (1)** |
| | **slaggereed** |
| 2.6 | Wat is die rede vir die gebruik van die komma in die tweede sin van Raam 4? (1) |
| | **Die komma word geplaas tussen twee wekwoorde wat aan afsonderlike gesegdes behoort.** |
| 2.7 | Skryf die voorwerp van die sin in Raam 5 neer. (1) |
| | **Om spaghetti te eet.** |
| 2.8 | Hoe word Italianers in Raam 5 gestereotipeer? (1) |
| | **Die idee word geskep dat alle Italianers spaghetti eet.** |




| 2.10 | **Watter woorde gebruik Neelsie in Raam 6 om die onderwyser te manipuleer?** | **(2)** |
|---|---|---|
| | **“asseblief” “so gaaf wees” Hy herhaal die woord “Meneer”.** | |
| 2.11.1 | Watter leesteken behoort die kommapunt in Raam 8 te vervang? | (1) |
| | **dubbelpunt** | |
| 2.11.2 | Gee ‘n rede waarom daardie leesteken (jou antwoord by 2.12.1) gebruik moet word. | (1) |
| | **Na die dubelpunt volg ‘n verduideliking/ uitbreiding van wat onthou moet word.** | |
| 2.12 | Watter visuele bewys is daar in Raam 8 dat Neelsie meer manipulerend optree? | (1) |
| | **Hy wys met sy vinger.** | |

## OEFENING 3: BRIEF AAN DIE PERS

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Nee vir honde op die skoot**

Werner Zybrands, Hermanus

1 Oor die berig oor Santi Venter wat 'n boete opgelê is omdat haar hond, Pokkel, langs haar in haar motor gesit het:

2 Ek sien dikwels bestuurders met 'n hond op die skoot. Dis veral sulke wit, wollerige woewe.

3 Soms is die hond se pote op die stuurwiel en soms hang sy kop by die oop venster uit sodat die bestuurder beslis nie die kantspieël kan gebruik vir die doel (3.7) ... dit aangebring is nie.

4 Indien dit nie 'n oortreding is nie, behoort dit een te word. Dis gevaarliker as om op 'n selfoon te gesels.

5 In sommige dele van die land word mense wat ry en op hul selfoon gesels, swaar gestraf en die selfoon summier gekonfiskeer. Dalk is die owerhede bekommerd oor wat om met al die gekonfiskeerde honde te doen?

[*Beeld*, 24 Desember 2019]

| 3.1 | **Benoem die onderstreepte bysin in paragraaf 1 (1)** |
|---|---|
| | **Bywoordelike bysin van rede** |
| 3.2 | Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 2 in die ONTKENNENDE vorm neer. (1) |
| | **Ek sien nie dikwels bestuurders met 'n hond op die skoot nie.** |
| 3.3 | Gee die rede vir die gebruik van die komma in die tweede sin in paragraaf 2. (1) |
| | **Die komma word gebruik tussen 'n reeks byvoeglike naamwoorde.** |
| 3.4 | Benoem die woordsoortlikheid van die onderstreepte woord is (paragraaf 3) volledig. (1) |
| | **Selfstandige werkwoord** |
| 3.5 | In paragraaf 3 word die woord beslis as 'n bywoord van modaliteit gebruik. Gebruik die woord nou as 'n selfstandige werkwoord in 'n sin van jou eie. (1) |
| | **Bv. Die hof beslis dat die kind by haar ma moet gaan bly.** |

OEFENING 3: BRIEF AAN DIE PERS

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Nee vir honde op die skoot**

Werner Zybrands, Hermanus

1 Oor die berig oor Santi Venter wat 'n boete opgelê is omdat haar hond, Pokkel, langs haar in haar motor gesit het:

2 Ek sien dikwels bestuurders met 'n hond op die skoot. Dis veral sulke wit, wollerige woewe.

3 Soms is die hond se pote op die stuurwiel en soms hang sy kop by die oop venster uit sodat die bestuurder beslis nie die kantspieël kan gebruik vir die doel (3.7) ... dit aangebring is nie.

4 Indien dit nie 'n oortreding is nie, behoort dit een te word. Dis gevaarliker as om op 'n selfoon te gesels.

5 In sommige dele van die land word mense wat ry en op hul selfoon gesels, swaar gestraf en die selfoon summier gekonfiskeer. Dalk is die owerhede bekommerd oor wat om met al die gekonfiskeerde honde te doen?

[*Beeld*, 24 Desember 2019]

| | |
|---|---|
| **3.11** | **Gee 'n sinoniem vir die woord summier (paragraaf 5) (1)** |
| | **Onmiddellik/ dadelik/ onverwyld** |
| 3.12 | Die tweede sin van paragraaf 5 is 'n vraagsin in die aanvoegende wyse. Herskryf die sin in die aantonende wyse. |
| | **Die owerhede is bekommerd oor wat om met al die gekonfiskeerde honde te doen.** |

| | |
|---|---|
| **3.6** | **Gebruik die bepaler van die samestelling kantspieël (paragraaf 3) as kern in 'n ander samestelling. (1)** |
| | **Waterkant/sykant/ straatkant** |
| 3.7 | Skryf 'n betreklike voornaamwoord wat in paragraaf 3 ontbreek, neer. (1) |
| | **Waarvoor** |
| 3.8 | Skryf die verkleiningsvorm van die woord oortreding (paragraaf 4 ) neer. (1) |
| | **Oortredinkie** |
| 3.9 | Skryf die oortreffende trap van die woord gevaarliker (paragraaf 4) neer. (1) |
| | **(die) gevaarlikste** |
| 3.10 | Watter klankverskynsel sal voorkom indien die woord gevaarliker as *gevaaliker* uitgespreek word? (1) |
| | **klankweglating** |

**JUNIE 2019**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




[Verwerk uit *kookenkuier*, Maart 2018]

| | |
|---|---|
| **3.1** | **Gee die meervoud van die onderstreepte woord in reël 1. (1)** |
| | **salighede** |
| 3.2 | "Laat jou weerstand wegsmelt met die Lindor-eier…" (reël 2)<br>Wat wil die adverteerder met die gebruik van hierdie sinsdeel bereik? (1) |
| | **Hy/sy wil jou oorreed om die sjokolade-eier te eet/te koop/bewus maak van die uitsonderlike kwaliteit van die sjokalade/lus maak vir die sjokolade-eier.** |
| 3.3 | Gebruik die deeltjiewerkwoord/skeibare werkwoord in reël 2 as twee woorde in 'n sin van jou eie. (1) |
| | **Die sjokolade smelt in my mond weg.**<br>**My hart smelt weg.** |
| 3.4 | Voltooi die vaste uitdrukking in reël 3 tot 4 deur die ontbrekende woord neer te skryf. (1) |
| | **boonste** |
| 3.5 | Waarom word die aandagstreep in reël 4 gebruik? (1) |
| | **Die vestig die aandag op die deel wat volg.** |

#MYSKOOL
AANLYN HULP
vir matrieks
NETWERK 24

**JUNIE 2019**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




Geniet 'n oomblik van *saligheid*

Laat jou weerstand wegsmelt met die Lindor-eier, met 'n vulsel só sag jy sal dit nie kan weerstaan nie. Dit is bederf uit die (3.4) … rakke en eenvoudig té spesiaal om te deel – die ideale sjokolade-eier om vir ander weg te steek. LINDOR, met liefde gemaak deur die LINDT-meestersjokolateur. Passie en liefde vir sjokolade sedert 1845. Vir jóú om te geniet.

Vind meer uit by: www.lindt.com

Volg ons Lindt @lindtsa en @lindtsa

[Verwerk uit *kookenkuier*, Maart 2018]


| | |
|---|---|
| **3.6** | **Gebruik die kern van die onderstreepte woord in reël 5 as 'n bepaler in 'n ander samestelling in 'n verduidelikende sin. (1)** |
| | Die eierdop het 'n snaakse kleur./ Was asseblief die eierspaan. |
| 3.7 | Gee EEN woord vir iemand wat van lekker eet hou. (1) |
| | Smulpaap/lekkerbek |
| 3.8 | Met watter TWEE sinsdele (bestaande uit twee opeenvolgende woorde elk) uit reëls 2 tot 5 beklemtoon die adverteerder die Lindor-eier se heerlikheid asook die gesogtheid daarvan onderskeidelik? (2) |
| | So sag/ te spesiaal |
| 3.9 | Voeg 'n bywoordelike bepaling van tyd in reël 8 in. Skryf die sin oor en onderstreep die bepaling. (1) |
| | Vir jou om vandag te geniet. |

#MYSKOOL AANLYN HULP vir matrieks
NETWERK 24

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**





| | |
|---|---|
| 4.1 | **By watter woord in RAAMPIE 1 kan nasalering en vokalisering plaasvind? (1)** |
| | **Mens** |
| 4.2 | Hoe ondersteun die spreker (die seun aan die regterkant) se lyftaal sy woorde in RAAMPIE 1? (1) |
| | **Hy hou sy kop vas/kyk af na die grond/druk sy ore toe** |
| 4.3 | Verbeter die spelfout in RAAMPIE 2 deur die woord korrek neer te skryf. (1) |
| | **leuens** |
| 4.4 | Skryf die leenwoord wat in RAAMPIE 4 gebruik word neer. (1) |
| | **twitter** |

#MYSKOOL AANLYN HULP vir matrieks
NETWERK 24

**VRAAG 4: SPOTPRENT**


Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




| | |
|---|---|
| 4.5 | Bestudeer RAAMPIE 5.<br>Waarom kan die onderstreepte sin as 'n aanname beskou word? Op watter wyse ondersteun die visuele voorstelling die aanname? (2) |
| | Dit is 'n stelling wat (aanneem dat dit) vir alle mense geld. Die kind veralgemeen dat die stelling vir alle mense geld.<br>Die visuele voorstelling dui 'n berig/artigkel aan wat aansluit by die aanname dat mense eerder net die opskrif lees/afleidings maak na aaleiding van net die opskrif lees. |
| 4.6 | In RAAMPIE 6 word die woord "beoordeel" gebruik. Maak 'n sin waarin jy die woord **veroordeel** gebruik.<br>(1) |
| | Die regter veroordeel die man wat sy vrou vermoor het.<br>Die misdadiger is tot drie jaar gevangenisstraf veroordeel. |

#MYSKOOL
AANLYN HULP
vir matrieks
NETWERK 24




[Verwerk uit *Rapport*, 11 Maart 2018]

| 4.7 | Gee die intensiewe vorm van die onderstreepte woord in RAAMPIE 8. (1) |
|---|---|
| | Stokou/stokoue/ horingou/horingoue |
| 4.8 | Herskryf die onderstreepte sin in RAAMPIE 9 in die aanvoegende wyse. (1) |
| | Kon dit tog ‘n grap wees.<br>Mag dit’n grap wees. Laat dit tog ‘n grap wees. |
| 4.9 | Gebruik die homonien van “as” (RAAMPIE 9) in ‘n verduidelikende sin. (1) |
| | Die as van die kaggel is vuurwarm.<br>Die as van die motor hou die wiele in posisie.<br>Engeland het die As van Australië teruggewen. |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

**HOE MEER JY LEES, HOE MINDER IS JOU KANS OM TRONK TOE TE GAAN**

1 Neil Gaiman, 'n berugte skrywer en spreker, het op 'n keer New York, waar 'n span tegnici in die proses was om 'n tronk te beplan, besoek. (5.2) Die tronkbestuur moes 'n formule vind om te bepaal hoeveel selle oor 15 jaar in die tronk nodig sou wees. (5.3) **Daar is op 'n eenvoudige formule besluit:** die aantal selle is bepaal deur vas te stel hoeveel 10- en 11-jariges in daardie stadium nie kon lees nie!

2 'n Onlangse nasionale studie dui daarop dat 85% van alle gevangenes in tronke ongeletterd is. Volgens die webtuiste www.beginlees.co.za sal twee derdes van leerders wat teen graad vier nie kan (5.4) lees nie, in die tronk eindig. Statistiek toon ook dat sulke gevangenes wat vrygelaat word, 'n 70%-kans het om weer in die tronk te beland indien hulle in die tronk/elders geen hulp met hul leesvaardighede ontvang nie.

3 Geletterdheid is tans die belangrikste vaardigheid in ons samelewing. Lees en skryf vorm immers deel van ons alledaagse verpligtinge. Ons lewens vereis dat ons daagliks e-posse moet stuur. Ons moet ook skriftelike inligting verwerk. Wanneer mense nie nie kan lees nie, wend hulle hulle dikwels tot misdaad en beland in tronke.

4 "Ons toekoms hang daarom van lees, biblioteke en boeke af," het Gaiman gesê. (5.8) "Biblioteke wat vandag toemaak, het dieselfde effek op 'n land as wat die staking van inentingsprogramme het: selfvernietiging."

5 Dit is belangrik om deesdae goeie leesgewoontes by kinders te kweek omdat dit die belangrikste belegging in hul toekoms is!

[Verwerk uit https://helpendehand.co.za]

#MYSKOOL
AANLYN HULP
vir matrieks
NETWERK 24

| | |
|---|---|
| **5.1** | **Skryf die versamelnaam wat in paragraaf 1 gebruik word neer. (1)** |
| | **span** |
| 5.2 | Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 1 in die toekomende tyd. (1) |
| | **Die tronkbestuur sal 'n formule moet vind om te bepaal hoeveel selle oor vyftien jaar in die tronk nodig sal/gaan wees.** |
| 5.3 | Skryf die vetgedrukte sinsdeel in paragraaf 1 in die bedrywende vorm. (1) |
| | **Die tronkbestuur/hulle het op 'n eenvoudige formule besluit.** |
| 5.4 | Gebruik die teenwoordige deelwoord/onvoltooide deelwoord van die onderstreepte woord in paragraaf 2 in 'n sin van jou eie. (1) |
| | **Die lesende publiek is geletterd.**<br>**Die kinders wat lesend is, se algemene kennis is beter as dié wat nie lees nie.** |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

**HOE MEER JY LEES, HOE MINDER IS JOU KANS OM TRONK TOE TE GAAN**

1 Neil Gaiman, 'n berugte skrywer en spreker, het op 'n keer New York, waar 'n span tegnici in die proses was om 'n tronk te beplan, besoek. (5.2) Die tronkbestuur moes 'n formule vind om te bepaal hoeveel selle oor 15 jaar in die tronk nodig sou wees. (5.3) **Daar is op 'n eenvoudige formule besluit:** die aantal selle is bepaal deur vas te stel hoeveel 10- en 11-jariges in daardie stadium nie kon lees nie!

2 'n Onlangse nasionale studie dui daarop dat 85% van alle gevangenes in tronke ongeletterd is. Volgens die webtuiste www.beginlees.co.za sal twee derdes van leerders wat teen graad vier nie kan (5.4) lees nie, in die tronk eindig. Statistiek toon ook dat sulke gevangenes wat vrygelaat word, 'n 70%-kans het om weer in die tronk te beland indien hulle in die tronk/elders geen hulp met hul leesvaardighede ontvang nie.

3 Geletterdheid is tans die belangrikste vaardigheid in ons samelewing. Lees en skryf vorm immers deel van ons alledaagse verpligtinge. Ons lewens vereis dat ons daagliks e-posse moet stuur. Ons moet ook skriftelike inligting verwerk. Wanneer mense nie nie kan lees nie, wend hulle hulle dikwels tot misdaad en beland in tronke.

4 "Ons toekoms hang daarom van lees, biblioteke en boeke af," het Gaiman gesê. (5.8) "Biblioteke wat vandag toemaak, het dieselfde effek op 'n land as wat die staking van inentingsprogramme het: selfvernietiging."

5 Dit is belangrik om deesdae goeie leesgewoontes by kinders te kweek omdat dit die belangrikste belegging in hul toekoms is!

[Verwerk uit https://helpendehand.co.za]

| | |
|---|---|
| **5.5** | **Skryf die voorwerpsin van die onderstreepte sin in paragraaf 3 neer. Gee ook 'n ander voorwerp wat in die plek van die voorwerpsin gebruik kan word. (2)** |
| | **"…dat ons daagliks e-posse moet stuur."<br>Dit/stiptelikheid/daaglikse stiptelikheid** |
| 5.6 | Haal die verbindingswoord wat in paragraaf 4 oorsaak en gevolg aandui, aan. (1) |
| | **daarom** |
| 5.7 | Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 4 in die indirekte rede. (1) |
| | **Gaiman/sy/hy het gesê (dat) biblioteke wat daardie dag toemaak, dieselfde effek op 'n land het as om inentingsprogramme te staak.** |
| 5.8 | Vervang die dubbelpunt aan die einde van die ondertreepte sin (paragraaf 4) met 'n gepaste woord. (1) |
| | **naamlik** |
| 5.9 | Verbeter die woordorde in die sin in paragraaf 5. Skryf die sin in die korrekte woordorde oor. (1) |
| | **Dit is deesdae belangrik om goeie leesgewoontes by kinders te kweek omdat dit die belangrikste belegging in hul toekoms is.** |